education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DRAMATIESE KUNSTE

## FEBRUARIE/MAART 2010

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Leestyd van VYFTIEN minute is toegeken voor die aanvang van die eksamen. Dit is nodig om die kandidate die geleentheid te gee om die vereiste keuses te maak.

2. Hierdie vraesel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A (30)
   AFDELING B (60)
   AFDELING C (60)

3. AFDELING A bestaan uit TWEE vrae wat op LU3 fokus:

   VRAAG 1: Epiese Teater
   (*Kaukasiese Krytsirkel* OF *Moeder Courage* OF *Kanna Hy Kô Hystoe*)
   VRAAG 2: Teater van die Absurde
   (*Afspraak met Godot* OF *Die Kaalkop Prima Donna* OF *Bagasie*)

4. Beantwoord EEN van die twee vrae.

5. AFDELING B bestaan uit AGT vrae wat op LU3 en spesifieke toneelstukke uit die Suid-Afrikaanse teaterbeweging fokus:

   - VRAAG 3 (*Boesman en Lena*)
   - VRAAG 4 (*uNosilimela*)
   - VRAAG 5 (*Woza Albert!)*
   - VRAAG 6 (*Sophiatown*)
   - VRAAG 7 (*Nothing but the Truth*)
   - VRAAG 8 (*Groundswell*)
   - VRAAG 9 (*Siener in die Suburbs*)
   - VRAAG 10 (*Mis*)

6. Beantwoord TWEE van die agt vrae.

7. AFDELING C bestaan uit DRIE vrae wat op LU1 en LU4 fokus. Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

## AFDELING A: BEGRYP EN ANALISEER

**BEANTWOORD EEN VRAAG:**

**VRAAG 1: EPIESE TEATER**

**OF**

**VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE**

## VRAAG 1: EPIESE TEATER

Beantwoord hierdie vraag indien jy *Kaukasiese Krytsirkel* ÓF *Moeder Courage* ÓF *Kanna Hy Kô Hystoe* bestudeer het.

1.1 'Brecht het geglo dat teater 'n sosiale funksie moet hê. Alhoewel vermaaklik, moet dit ook die gehoor opvoed.' – Ray Speakman

Bespreek in 'n goed gestruktureerde opstel hoe die dramaturg van die epiese drama wat jy bestudeer het, in staat was om die gehoor op te voed en aan te moedig om dit waarna hulle op die verhoog kyk, krities te evalueer.

Verwys spesifiek na die teks wat jy bestudeer het om jou bespreking te ondersteun. (Jou opstel moet 'n minimum van TWEE bladsye lank wees.) (20)

1.2 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer. Elke woord mag slegs EEN keer gebruik word.

| |
|---|
| ligte; demonstreer; episodies; stel; historifikasie; vervreemding; objektief; gehoor; storielyn; distansieer |

Epiese Teater fokus op die (1.2.1 ...) eerder as op karakterontwikkeling. Die dramas is (1.2.2 ...) sodat dit van een kort toneel na 'n ander verander. Die akteurs (1.2.3 ...) hulle rol eerder as om 'n realistiese opvoerstyl te gebruik. Verfremdungseffekt is 'n (1.2.4 ...) tegniek om die gehoor van die aksie te (1.2.5 ...) sodat hulle (1.2.6 ...) kan dink. Die dramaturg/regisseur laat toe dat al die verhoogmiddele deur die gehoor waargeneem word. Die (1.2.7 ...) is sigbaar en die (1.2.8 ...) verander terwyl die (1.2.9 ...) toekyk. (1.2.10 ...) is die tegniek om d ie drama in die nie-spesifieke verlede te laat afspeel. (10)

**[30]**


**OF**

## VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE

Beantwoord hierdie vraag indien jy *Afspraak met Godot* ÓF *The Bald Soprano* ÓF *Bagasie* bestudeer het.

Absurdisme was 'n teaterreaksie op die tye. Die foto's hieronder illustreer hierdie stelling.





Let op die sterk tematiese ooreenkoms tussen die foto links wat akteurs uit Samuel Beckett se drama, *Endgame*, toon, en die foto regs wat 'n oorlewende uit 'n konsentrasiekamp uitbeeld.

2.1 Gebruik die inligting hierbo en bespreek hoe die Teater van die Absurde die sosiale en politieke konteks (agtergrond) weerspieël. Verwys na die temas in die drama wat jy bestudeer het. Ondersteun jou antwoord deur na die drama as 'n geheel te verwys. Jou opstel moet 'n minimum van TWEE bladsye lank wees. (20)

2.2 Verduidelik kortliks die invloed van eksistensialisme op die Teater van die Absurde. (2)

2.3 Sê watter belangrike historiese gebeure tot die Teater van die Absurde gelei het. (3)

2.4 Lewer kortliks kommentaar op die gebruik van karakters in die Teater van die Absurde. Jy mag na die drama verwys wat jy hierdie jaar bestudeer het. (5)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: BEGRYP EN ANALISEER

**DAAR IS AGT VRAE IN HIERDIE AFDELING.**
**BEANTWOORD SLEGS TWEE VRAE WAT HANDEL OOR DIE TWEE DRAMAS WAT JY BESTUDEER HET.**

## VRAAG 3: *BOESMAN EN LENA* DEUR ATHOL FUGARD

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

LENA [*Offering the bottle*] Water. Water! Manzi!
[*She helps him to get it to his lips. He drinks. In between mouthfuls he murmurs away in isiXhosa. Lena picks up the odd phrase and echoes it …* 'Bhomboloza Outa, Bhomboloza' 'Mlomo, ewe Mlomo'… 'Yes, Outa, dala' … *as if she understood him. The whole monologue follows this pattern: the old man murmuring intermittently – the occasional phrase or even sentence quite clear – and Lena surrendering herself more to the illusion of conversation.*]

LENA Safa … Safa …
[*Pause*]
What's all that mean?
[*He hands her back the bottle.*]
If Outa's saying …
[*She stops, takes another quick look to make sure Boesman is out of sight, then returns to the old man's side. She speaks secretively and with intensity.*]

It's true. You're right. [*He is still murmuring.*] Wait now. Listen to mine. I had a dog. In Korsten. Just a brak. Once when we were sitting somewhere counting our bottles and eating he came and looked at us. Must have been a Kaffer hond. He didn't bark. I left some bread for him there on the ground when we went. He ate it and followed us all the way back to Korsten.

[*Another look over her shoulder to make sure Boesman isn't near. She continues her story in an even lower tone.*]

For two days like that around our place there. When Boesman wasn't looking I threw him things to eat. Boesman knew I was up to something. I'm a bloody fool, Outa. Something makes me happy I start singing. So every time Boesman saw the dog, he throws stones. He doesn't like dogs. They don't like him. But when he wasn't looking I threw food.
[*Laughs secretively*]

3.1 Waarom is Lena so desperaat om te verstaan wat Outa probeer sê? Motiveer jou antwoord. (5)

3.2 In isiXhosa beteken die woord 'ukubhomboloza' 'om te ween of hardop te huil' en 'Bhomboloza' kan ook 'n opdrag of die naam van 'n persoon wees.

3.2.1 Gegrond op die verduideliking hierbo, wat dink jy probeer Outa kommunikeer? (3)

3.2.2 Veronderstel jy is gekies om die karakter van Outa te vertolk. Hoe sou jy die karakter fisies en vokaal uitbeeld om betekenis te kommunikeer? (Verwys na reël 2 – 8.) (4)

3.2.3 Verduidelik hoe Outa se lot sou verander het as hy in staat was om duidelik met hulle te kommunikeer. (2)

3.3 Lena het Outa vertel dat sy eenmaal 'n hond gehad het waarna sy kos gegooi het as Boesman nie kyk nie. Sy gee ook vir Outa drank as Boesman nie naby is nie.

3.3.1 Lewer kommentaar op die bostaande stelling deur na reël 17 – 30 te verwys. Fokus in jou antwoord op die ooreenkomste tussen haar optrede teenoor die hond en teenoor Outa. (3)

3.3.2 Wanneer Lena sê die hond 'followed us all the way back to Korsten', dink jy sy wens dat Outa saam met hulle kan gaan na waarheen hulle op pad is? Motiveer jou antwoord. (3)

3.4 Veronderstel jy is 'n teaterresensent by 'n gemeenskapskoerant. Skryf 'n kort artikel oor die opvoering van die toneel op die vorige bladsy. Gebruik die volgende opskrifte as 'n riglyn om jou artikel te skryf:

- Klas
- Geslag
- Kultuur
- Kostuum
- Ekonomiese status (10)

**[30]**

## VRAAG 4: *uNOSILIMELA* DEUR CREDO MUTWA

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| | |
|---|---|
| | *Two more Gods appear, Thor and Dumakade, both carrying a hammer, move slowly across Inkundla and exit.* |
| uMVELINQANGI | You recognise the black God as Dumakade the Thunder-God, who carries the hammer of thunder to combat the ogres of the storm, but do you know who the white God next to him is? |
| uNOSILIMELA | No, my Lord. |
| | That is Thor of the Vikings, a golden-haired people from the Northernmost regions of Europe. Nosilimela, long before the first missionaries set foot upon Africa's golden shores, black people already believed in a Godhead of three. Look at this necklace [*raising the massive bronze necklace with the three large pendants, which he wears about his neck*] God the Father, God the Mother and the sign of God the Child, which the Egyptians also had but used as a symbol for life. And your people already believed in a saviour born of a virgin, a saviour who died that man may be saved. Look over there and see if you recognise any of those women. |
| | *Four women appear on iThala, each carrying a tiny baby in her arms.* |
| uMVELINQANGI | Only Mary, the mother of Jesus, and uNomkhubulwana, your mother. |
| uNOSILIMELA | Next to my mother stands Isis of Egypt and next to her, Sita of India. |
| uMVELINQANGI | My child, all those women represent different versions of one great story, the story of the Son of God, born of a woman, a story which was first told in Africa when men still lived in caves. Need I show you more? Need I tell you more? |

4.1 Credo Mutwa gebruik die karakters uNomkhubulwana, Mary, Isis en Sita om waarde en erkenning aan vroue te gee. Hy daag die persepsie uit dat vroue nie volledig in die samelewing moet deelneem nie omdat dit net die plig van mans is; slegs mans kan die wêreld red.

4.1.1 Noem die VIER kulture wat deur uNomkhubulwana, Mary, Isis en Sita verteenwoordig word. (4)

4.1.2 Verduidelik kortliks hoe uNomkhubulwana/Mary/Isis/Sita die wêreld gered het. (2)

4.1.3 Met verwysing na die uittreksel hierbo, verdudielik hoe apartheid alle rasse (wit mense ingesluit) in Suid-Afrika benadeel het ten opsigte van hulle begrip en waardering van Afrika-godsdiens. (5)

4.2 Die Afrika-trilogie, wat die Godheid van drie is, verteenwoordig God die Vader en Moeder, die Dogter en Seun (God die Kind), asook die Heilige Gees. Die konsep van die Drie-eenheid, soos in die Afrika-trilogie, kom in die meeste godsdienste voor, wat die Christelike godsdiens en Hindoeïsme insluit.

4.2.1 Noem die Seun van die Moedergod wat gebore is om die wêreld te red. Verwys na enige kultuur of geloofstelsel van jou keuse wat betrekking het. (2)

4.2.2 Noem die 'seun van Soweto' wat die eerste slagoffer was wat onder apartheid se sekuriteitstelsel gesterf het tydens die Soweto-opstande. (2)

4.2.3 Verduidelik hoe Credo Mutwa help om ontslae te raak van die patriargale invloede in vandag se samelewing wat aanhou om vroue te onderdruk. (4)

4.3 Veronderstel jy is die regisseur van die uittreksel hierbo. Waar op die verhoog sal jy die karakter uMvelinqangi (God die Moeder) plaas terwyl sy met uNosilimela kommunikeer? Gee redes vir jou antwoord. (3)

4.4 As 'n teaterresensent van 'n gemeenskapskoerant, skryf 'n kort resensie oor die toneel op die vorige bladsy, en fokus op die volgende riglyne:

- Kostuum
- Karakterisering
- Taal
- Rekwisiete (8)

**[30]**

**VRAAG 5: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON**

5.1 Lees BRON A en BRON B.

**BRON A: Uittreksel uit *Woza Albert!***

Percy Hey Morena! *(Clapping hands.)* I saw your picture in the paper. Morena, I could not believe you're coming. I thought you're coming back by the clouds. *(He sits on the floor.)*

Mbongeni The clouds are too hot now. It's summer. He flies air-conditioned. Excuse, Morena, this is Bobbejaan. Bobbejaan, shake hands with Morena. *(Percy stands, embarrassed, backs away.)* Shake hands with the son of God! Shake hands, Bobbejaan! *(Percy ducks behind Zuluboy on the box. Zuluboy laughs.)* Bobbejaan is shy! We are working together here, Morena. When I say, 'Morena, come to Coronation Brickyard', I mean you must make bricks like you make bread and wine long ago. I mean you must make bricks to fall down like manna from heaven. There's no jobs.

Percy Like you made fried fish!

**BRON B: Peter Brook oor *Woza Albert!***

'Dramas oor sosiale ongeregtigheid neem gewoonlik 'n ernstige toon aan. Athol Fugard het besef dat dit nie deur woede nie, maar deur die wreedheid van lag is dat die swaarkry van die lewe in townships die beste uitgelok (geskep) kan word. Barney Simon het hierdie pad verder gevolg, en die akteurs, swart en wit, aangemoedig om soveel elemente moontlik uit die regte lewe by hul werk in te sluit.

5.1.1 Gee DRIE voorbeelde van hoe komedie (humor) in hierdie uittreksel gebruik is om die gehoor se waardering van die drama te verhoog. (3 x 2) (6)

5.1.2 Gebruik jou kennis van die toneel en die drama in geheel en verduidelik watter kwessies die skeppers van *Woza Albert!* in hierdie uittreksel beklemtoon. (5)

5.1.3 Bespreek hoe Mbongeni Ngema, Percy Mtwa en Barney Simon te werk gegaan het om oortuigende, maar tog stereotipiese, karakters te skep. Jou mag verwys na die werkswinkelteater-tegnieke wat gebruik is. (6)

5.1.4 Verduidelik die belangrikheid van die Bybelse verwysing in reël 10 en 11. (3)

5.2 Nadat jy hierdie drama bestudeer het, sou jy verkies om dit te lees of om na 'n opvoering daarvan te kyk? Motiveer jou antwoord. (5)

5.3 Hoe kon 'n gehoor in die 1980's baat gevind het deur na hierdie drama te kyk? (5)

**[30]**

## VRAAG 6: *SOPHIATOWN* DEUR DIE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY

6.1 Bestudeer die bronmateriaal hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

> **BRON A: Inleiding tot *Sophiatown***
>
> Misdaad en geweld was 'n kenmerk van die area wat as die Chicago van Suid-Afrika bekend geword het omdat bendes soos Die Amerikaners ('The Americans'), Die Russe ('The Russians') en Die Berlyners ('The Berliners') inwoners, en soms ook mekaar, geterroriseer het. Een bekende inwoner, dr. Nthato Motlama, het die jeugbendes beskryf as 'uit en uit moordenaars' ... Sophiatown het in die slagvelde van Viëtnam verander. Ek bedoel, hulle het net gemoor. Dit was gevaarlik om in Sophiatown te woon. – Pat Schwartz

BRON A beklemtoon 'n aspek van die lewe in Sophiatown.

6.1.1 Stem jy saam met die skrywer dat Sophiatown die 'Chicago' van Suid-Afrika was? Motiveer jou antwoord deur na voorbeelde uit die teks te verwys. (6)

6.1.2 Watter karakter in die drama verteenwoordig die bendes en geweld wat kenmerkend van daardie tyd was? (1)

6.1.3 Bespreek TWEE voorbeelde uit die drama waar hierdie karakter geweld gebruik om te kry wat hy wil hê. (4)

6.2 6.2.1 Wat is Jakes se beroep? (2)

6.2.2 Wat is die funksie van Jakes se karakter en rol in die drama en wat is die verskille tussen Jakes en Mingus? (3 x 2) (6)

6.3 Veronderstel jou skool het besluit om die drama *Sophiatown* op te voer en jy speel die rol van Jakes.

6.3.1 Beskryf die tipe kostuum wat jy sal dra, en verduidelik hoekom. (3)

6.3.2 Waar op die verhoog sal jy jouself plaas wanneer jy reël 1 – 10 voordra? Gee redes vir jou antwoord. (Jy mag 'n eenvoudige diagram gebruik om antwoord te illustreer.) (3)

6.4 Skryf 'n kort paragraaf om te verduidelik waarom dit vir die regering van daardie tyd 'n probleem sou wees as swart mense en wit mense in Sophiatown sou ontmoet het. (5)

**[30]**

## VRAAG 7: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

| | |
|---|---|
| | *Mandisa comes back into the living room and gives Sipho a photograph of her father.* |
| Sipho | (*looking at the photograph*): Is that him now? |
| Mandisa | Yes. (*Pause.*) So, what are you going to do on Monday? Are you going back to work again? |
| Sipho | Yes. |
| Thando | As the Assistant Chief Librarian? |
| Sipho | Oh no. To collect my things and my early retirement package of course. They can have the job. I've got other things to do now. I am going to write a letter to President Mbeki. I want to remind him that I voted for him. I put them in power. I paid for this freedom. I paid with my son's life. My brother died in exile. They must never forget the little people like me. The little Assistant Chief somethings who make up the majority that has kept them in power and will still do so for a long time to come. We have dreams too. We have our needs too. Small as they may be they are important to us. We want the 'Better life for all' now! Today! It's our time now. |

7.1 Verduidelik waarom Mandisa vir Sipho 'n foto van haar pa gee. (2)

7.2 Gee redes vir die verandering in Sipho se houding teenoor sy situasie vanaf die begin van die drama tot by sy alleenspraak (reël 8 – 16) in hierdie toneel. (5)

7.3 Verduidelik hoekom die onderwerpmateriaal en konteks van hierdie toneel uit *Nothing but the Truth* duidelik in die kategorie van post-apartheidteater val. (5)

7.4 *Nothing but the Truth* word 'n realistiese drama genoem. Beskryf TWEE tipiese kenmerke van die realistiese genre wat in die drama teenwoordig is. (6)

7.5

| |
|---|
| ''n Roerende portret (prentjie) wat die buitengewone en die gewone in sy karakters se lewens delikaat verweef.' |

Bespreek die geldigheid (waarheid) van *The New York Times* se kommentaar hierbo op *Nothing but the Truth* deur die volgende opskrifte in jou antwoord te gebruik:

- Die gewone laermiddelklas-karakters wat hulself in 'n buitengewone tyd in Suid-Afrika se geskiedenis bevind (Hoekom? Wat was buitegewoon? Hoe het gebeure hulle beïnvloed?)
- Die verhouding/konflik tussen broers

(12)
**[30]**

## VRAAG 8: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE

8.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Johan: Somebody has to come up with the compensation.
Thami: Him?
Johan: Yes. He had shares in diamond mines.
Smith: For heaven's sake, I can't be responsible for a whole industry's mistakes, because I had a few shares …
Johan: I'm teaching you something. Something important. How to put wrongs right … Redemption.
Smith: I don't need redemption.
Johan: You think you don't, you mean. And that's why I have to teach you.
Smith: I … good heavens. Look, my wife, Marjory, was a member of the Black Sash throughout the seventies and eighties, the most dangerous time for that sort of thing. I sent my daughter to a multiracial school in Swaziland for two years, in the eighties. Hell, I've shaken the hand of Desmond Tutu, I supported Buthelezi during his campaign in the seventies to shake up the conscience of big business in this country. And I gave to charity because I wanted to help, not for bloody tax benefits.
Johan: Who did these charities help?
Smith: Poor people.
Johan: What were their names?
Smith: Don't be ridiculous, there were thousands. Thousands and thousands.
Johan: Who other people dealt with face to face. Other people looked into your charity cases' eyes, heard their voices, knew their names … I was one of those people, because dealing face to face is part of a policeman's work…
(*He opens the cheque book and hands it to Thami*).
There, where it says, *pay to*, write your full name.

8.1.1 Indien jy die regisseur van hierdie drama was, hoe sou jy die bostaande uittreksel op die verhoog uitbeeld? Oorweeg die volgende en gee redes vir jou antwoorde:

- Karakters se posisies/plasing op die verhoog
- Karakters se bewegings en gebare (8)

8.1.2 Lees reël 10 – 16. Watter raad sal jy aan die akteur gee om hierdie reëls oortuigend te vertolk? Ondersteun jou antwoord met 'n karakterbeskrywing van Smith. (8)

8.1.3 Verduidelik die funksie van die ellips (aangedui met '...') in reël 10 en in reël 22, en sê hoe dit geïnterpreteer en opgevoer sal word deur:

(a) Smith in reël 10

(b) Johan in reël 22 (4)

8.1.4 Analiseer die DRIE karakters in die uittreksel en die drama in geheel in terme van hulle:

- Doel
- Verhouding
- Houding (6)

8.2 Dink jy die titel van die drama is gepas? Motiveer jou antwoord in 'n kort paragraaf. (4)
**[30]**

## VRAAG 9: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS

9.1 Veronderstel jy word as dramastudent genooi om *Siener in die Suburbs* in die buiteland by 'n Afrikaanse kunstefees soos *Ukasie* bekend te stel.

Verduidelik jou aanbieding van die drama onder die volgende opskrifte:

9.1.1 Hoe die sosio-politieke agtergrond in die teks van die karakters weerspieël word (10)

9.1.2 Belangrike temas in die drama (8)

9.2

| |
|---|
| Toneelspel in *Siener in die Suburbs* word gekenmerk deur emosionele waarheid. |

Bespreek die relevansie (korrektheid) van hierdie stelling uit die oogpunt van 'n akteur wat vir 'n toneel uit die drama voorberei. Gebruik voorbeelde uit die teks om jou antwoord te motiveer. (12)

**[30]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 10: *MIS* DEUR REZA DE WET

10.1 Lees die beskrywing van die styl in die drama *Mis* hieronder.

> *Mis* is op die oog af 'n realistiese drama: die teks se dialoog, stelbeskrywing en verhaalgegewe dui op sosiale realisme.
>
> Onder die oppervlak van realisme is die drama 'n verkennende verbeeldingsvlug, 'n spel met idees en beelde waarin die gehoor hulle moet verdiep.

10.1.1 Stem jy saam dat *Mis* 'n suiwer realistiese teks is? Motiveer jou antwoord in 'n kort paragraaf. (4)

10.1.2 Bespreek DRIE beelde of metafore in die teks om die stelling hieronder te motiveer.

… 'n verkennende verbeeldingsvlug, 'n spel met idees en beelde waarin die gehoor hulle moet verdiep. (12)

10.2 In 'n resensie oor *Mis* sê die resensent:

> Trix Pienaar speel Miem, die argetipiese dorpstante. Goed bekrompe, maar ook maar mens.
>
> [Bron: Johann Botha, *Die Burger*, 18 Maart 1993]

Veronderstel jy moes die aktrise Trix Pienaar help om vir hierdie produksie voor te berei. Beskryf Miem se karakter aan haar. Brei uit oor:

- Die aard van haar karakter
- Haar funksie in die drama

Hou die resensie hierbo in gedagte om jou in jou antwoord te lei. (10)

10.3 Sou jy sê dat die drama *Mis*, ook vertaal as *Missing*, tot die breë Suid-Afrikaanse publiek in die jaar 2010 spreek? Brei uit op jou antwoord deur na voorbeelde uit die teks te verwys. (4)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**

**AFDELING C: TOEPASSING VAN PERSOONLIKE HULPMIDDELS EN BESINNING EN EVALUERING**

**VRAAG 11 en VRAAG 12 is VERPLIGTEND.**
**VRAAG 13 bied 'n KEUSE tussen DRIE vrae.**

**VRAAG 11**

Lees die uittreksel uit *Nongeni, the Rhino and the Cannibal* deur Michael Williams en beantwoord dan die vrae wat volg

| | |
|---|---|
| Cannibal | Do you see the bones of your sister? Bring me her bones. *(One of the maidens rushes back into the cave and collects some sticks and hands them to the CANNIBAL.)* She was hmmmm … haaa … soft, tender and very juicy. |
| Maiden 2 | Oh, have pity on us, most ugly cannibal. We will not fail you this time. Our own lives are too important to us. |
| Maiden 3 | You have to believe us, we will not fail you a third time. Last time we were too soft, and could not bear to share our fate with another maiden. |
| Maiden 1 | We could not lead her to your cave to be eaten, and so our fourth sister died because of our stupidity. |
| Maiden 2 | But it will not happen again. |
| Cannibal | Good, because if it does, I will enjoy you first, my lovely – and your flesh will be sweet and succulent (juicy) like the sugar fruit. Do not fail me, and do not try to escape either, for you know that the necklaces you wear will always lead me to you. You can never escape from me. Never! Now, go! |
| Cast member 6 | And so the unhappy maidens left the cave to perform their terrible task. They had to scour (search) the countryside for pretty maidens, and lure (trick) them back to the cannibal's cave to be eaten. |

11.1 Verduidelik, met redes, watter toon die Maagde ('Maidens') in hulle reaksie op die Kanibaal ('Cannibal') in reël 5 – 11 sal gebruik. (4)

11.2 Hoe sal die akteur wat die Kanibaal speel, tempo en pouses gebruik wanneer hy die maagde in reël 12 – 15 dreig? Motiveer jou antwoord. (4 x 2) (8)

11.3 Verduidelik hoe 'Cast member 6' reël 16 – 18 moet sê om dit duidelik te maak dat hierdie akteur nou 'n verteller is? (3)
**[15]**

**VRAAG 12**

Verwys na die bron hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**




*Jomba!* is 'n kontemporêre alles-Afrika-dansgebeurtenis wat elke jaar aangebied word waarin 'ons saam dans, stamp en spring op die ritme van kontemporêre danswerk deur ons mede-Suid-Afrikaners'. Die program is ontwerp om gehore te lok om die opvoerings, danswerkswinkels en konferensies by te woon.

12.1 *Jomba!* is 'n dansgebeurtenis wat op komtemporêre dans fokus. Baie ander dansvorms word vandag in Suid-Afrika geleer en opgevoer.

Kies EEN ander dans-/beweging-/kuturele opvoering wat jy bestudeer het of goed ken en verduidelik waarom hierdie dansvorm vir 'n groot dansgebeurtenis oorweeg moet word. (7)

12.2 Watter doel dien *Jomba!* as 'n 'alles-Afrika'-dansgebeurtenis? (3)

12.3 Bespreek hoe effektief hierdie plakkaat is om mense te lok om die werkswinkels en opvoerings by te woon. (5)

12.4 Die sukses van jou individuele opvoering as deel van die finale graad 12 praktiese assessering is baie belangrik.

12.4.1 Verduidelik kortliks die konteks (agtergrond en omstandighede) van EEN individuele item wat jy as deel van jou finale praktiese eksamen opgevoer het. (3)

12.4.2 Beskryf die proses wat jy gevolg het om hierdie individuele item vir opvoering voor te berei.

Jou antwoord sou die volgende kon insluit:

- Wat jy gedoen het
- Hoe jy dit gedoen het
- Hoekom jy sekere teatervaardighede/-tegnieke gekies het (8)

12.4.3 Evalueer jou eie finale opvoering in die praktiese eksamen.

Jou antwoord sou die volgende kon insluit:

- Wat het, vanuit 'n dramatiese oogpunt, gewerk?
- Hoe en hoekom het dit jou aandag getrek?
- Indien jy daarop verbeter, hoekom en hoe sou jy dit doen? (4)

**[30]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 13**

| **KIES EEN VAN DIE VOLGENDE DRIE VRAE:** |
|---|
| **13.1 LEWENDIGE OPVOERING**<br>**13.2 MEDIASTUDIE**<br>**13.3 KULTURELE OPVOERING EN RITUEEL** |

13.1 **LEWENDIGE OPVOERING (KEUSEVRAAG)**

> In die fleur (piek) van Suid-Afrikaanse protesteater het dramas soos *Woza Albert!* en *Asinamali* vermaak verskaf terwyl dit ook 'n ongemaklike boodskap oorgedra het. 'Hulle het jou aangegryp – jy is meegevoer, jy het gelag, jy het gehuil, jy het baie gedink ... Waar is die nuwe skrywers? ...' Alan bieg dat hy 'baie bekommerd' is oor die toekoms van die 'regte drama' ('straight play') in Suid-Afrika, met gehore wat die meeste van hul vermaaklikheidsbegrotings daarop spandeer om groot musiekblyspele te gaan kyk – Alan Swerdlow in 'n onderhoud met C Kennedy

Verwys na Alan Swerdlow se onderhoud hierbo. Skryf 'n paragraaf deur na die konteks (situasie) en inhoud van ten minste EEN opvoering te verwys waarna jy gaan kyk het, om 'n bespreking van sy kommentaar oor die veranderinge in Suid-Afrikaanse teater te ondersteun.

Jy kan noem watter teatervaardighede gebruik is, hoe en hoekom hulle dit gebruik het en die doeltreffendheid daarvan. **[15]**

**OF**

13.2 **MEDIASTUDIE (KEUSEVRAAG)**

> As hy beskryf waarom hy nie van die film *Tsotsi* hou nie, en dat hy moeg is vir wit regisseurs soos Gavin Wood wat swart stories vertel, sê Teddy Mattera (regisseur): 'Ek dink enigiemand mag stories vertel, en enige stories van hul keuse, maar sodra jy dit doen, stel dit jou bloot aan kommentaar daaroor.'

Skryf 'n paragraaf wat die geldigheid (waarheid) van Teddy Mattera se opmerking oor die Suid-Afrikaanse filmindustrie bespreek. **[15]**

**OF**

13.3 **KULTURELE OPVOERING EN RITUEEL (KEUSEVRAAG)**

> 'As jy die vertelstem in 'n inheemse kulturele opvoering moet vertolk, byvoorbeeld die lofsanger, hoofonderhandelaar gedurende inheemse huweliksprosesse en -produkte, moet jy deel van die gemeenskap wees waaroor die inheemse opvoering en ritueel handel.'

Skryf 'n paragraaf wat die geldigheid (waarheid) van die bostaande stelling oor die verteller se stem in 'n inheemse kulturele opvoering bespreek. **[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**

**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou